# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

11/2026 (Skippertjie nr. 61) 27 Maart 2026

## IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Skoolvakansie
2. Skoolaansoeke vir 2027
3. SA Atletiek
4. Pretstap en lootjielyste
5. Tennis
6. Hokkie
7. Swem
8. Netbal
9. Vakansietoernooie
10. Buite aktiwiteite
11. Buitemuurs
12. Skoolfonds vir 2026
13. Unisa musiekteorie-uitslae

*"Individually we are one drop. Together we are an ocean."*
Ryunosuke Satoro

## Afrikaanse idioom van die week

**Die appelkar omgooi:**
Iets wat 'n situasie ontwrig of probleme veroorsaak.

## 2026 SKOOLKWARTALE

| | |
|---|---|
| **1ste:** | 14 Januarie – 27 Maart |
| **2de:** | 8 April – 26 Junie |
| **3de:** | 21 Julie – 23 September |
| **4de:** | 6 Oktober – 9 Desember |

## UIT DIE KAJUIT

Die afgelope Saterdag, vroegoggend, was dit omtrent 'n gesig om te aanskou toe al die ouers, leerders en personeel die jaarlikse Pretstap na die Punt en terug onderneem het. Dit is elke keer vir my persoonlik 'n spesiale geleentheid om die son oor die see te sien opkom omring deur al die Parkies – oud en jonk. Hier by die skool is ons baie gelukkig om elke dag deur al die Parkies omring te wees en betrokke te wees by elkeen se groei en ontwikkeling. So aan die einde van die kwartaal is dit weer baie aangenaam om vir elkeen wat hier by die skool betrokke is uit my hart uit te bedank. Elke leerder wat sy/haar beste gegee het in die klas of met 'n ander aktiwiteit en so verantwoordelikheid geneem het vir hul eie ontwikkeling. Ook aan elke ouer op wie se ondersteuning ons kan staatmaak in alles wat ons elke dag aanpak. Positiewe ouerbetrokkenheid is die verskil tussen 'n goeie skool en 'n skool van uitnemendheid. Laastens natuurlik ook aan elke personeellid wat elke dag hul uiterste bes gee om vir ons kinders net die beste onderrig en opleiding te gee. Voorwaar 'n 100%-wenresep! Die vakansie lê voor die deur wat vir elkeen waardevolle rustyd gaan gee. Dit is ook Paastyd wat dit 'n ekstra spesiale vakansie maak. Laat ons ook in hierdie tyd opnuut besef wat Jesus vir ons gedoen het en vir die krag en voorregte wat ons elke dag uit die Here se hand ontvang. Mag elkeen 'n geseënde Paastyd saam met families en vriende beleef. Indien u ry, ry asb. veilig. Seën vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

VAT VLAM VAT VLAM VAT VLAM

**1. Skoolvakansie**

Neem asb. kennis dat die skool vandag Vrydag, 27 Maart om 10:30 vir alle leerders vir die skoolvakansie sluit. Die skool open na afloop van die vakansie op Woensdag, 8 April op die normale tye (*sien die skooltye onderaan*). **Leerders kom steeds in hul somersklere skool toe.**

**2. Skoolaansoeke vir 2027**

Let asb. daarop dat die WKOD se aanlyn-skoolaansoekproses reeds op 10 Maart geopen het. Gr R, 1 en 8 aansoeke vir 2027 kan tot en met 14 April gedoen word. Ouers word versoek om so spoedig moontlik met die proses te begin. Leerders wat reeds in Laerskool Park is hoef nie weer aansoek te doen nie. Indien enigeen hulp daarmee benodig, kan die skoolkantoor geskakel word.

**3. SA Atletiek**

Baie geluk aan ons atlete wat baie goed gevaar het by die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe. Uitslae was as volg:

- Miané Schutte: Skyfwerp – 5de plek
- Mia Rossouw: Hoogspring – 7de plek

100% Parkies

# Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za


## VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Di, 7 Apr: Hokkie: Eden-proewe (Curro)
Wo, 8 Apr: Skool open om 07:30
Sportoefeninge begin
Vr, 10 Apr: Tennis: Eden-mini 3
Rugby: o/13 streeksproewe
Sa, 11 Apr: o/7-o/9 rugby en netbal (H'Bos)
o/10-o/11 rugby en netbal (Outeniqua)
Tennis: Eden-mini 3
Eden netbalproewe




## BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**4. Pretstap en lootjielyste**

Baie dankie aan al ons ouers en leerders wat die jaarlikse Pretstap bygewoon het, dit was 'n heerlike dag. Baie dankie ook aan die OOV en personeel vir al die Harde werk en organisering om van die dag 'n sukses te maak. **Die lootjielyste het die ongelooflike bedrag van R231 000 opgelewer.** Baie dankie aan elkeen wat ook hiermee moeite gedoen het en 'n bydrae gemaak het. Dit was 'n ware 100%- Parkie poging! Die wenners van die pryse was as volg:

- 1ste prys: I. Skenc
- 2de prys: A. Belstead
- 3de prys: M. Lombaard

Baie geluk ook aan al die leerders wat pryse ontvang het.

**5. Tennis**

Baie geluk aan Mia Swanepoel (6de) wat in die Eden o/10 tennisspan opgeneem is. Baie sterkte met die wedstryde en toernooie wat voorlê.

**6. Hokkie**

Baie geluk aan die volgende spelers wat tot die Mosselbaai-spanne verkies is:
**Seuns:** Avaro Potgieter, Le Roux Keyser, Kearan Leonard
**Dogters:** Amieke de Jager, Ava Marx, Claire de Beer, Jana Kruger, Jané Britz, Lisa Pretorius, Mia Brönn, Niclea Rheeder.
Hierdie spelers gaan aan die Eden-hokkieproewe op 7 April deelneem. Baie sterkte.

**7. Swem**

Baie geluk aan Eli Marais en Milané Belstead wat tot die Eden Interdistrikte Junior Vlak 1 swemspan verkies is.

**8. Netbal**

Baie geluk aan die volgende dogters wat in die Mosselbaai-spanne opgeneem is:

- **o/12:** Melany Roberts, Marli Basson, Amieke de Jager, Charlin Kannemeyer en Lienka Schmidt.
- **o/13:** Kiran Jansen en Mia Brönn.

**9. Vakansie toernooie**

Die volgende toernooie word tydens die vakansie bygewoon. Afrigters in hakies:
o/13A Rugby: Kobus Wiese-toernooi te Paarl (Mnre. H. Otto, R. Agent en V. du Toit)
o/13A en B Netbal: Kobus Wiese-toernooi te Paarl (Juff. E. Fourie, I Oosthuizen en J. Swanepoel)

**10. Buite aktiwiteite**

Baie geluk aan Liam Muller wat tydens die SACCSA-atletiekbyeenkoms 'n 1ste (600m), 2de (60m) en 3de (80m) plek behaal het.

**11. Buitemuurs**

Die buitemuurse rooster vir volgende kwartaal is reeds uitgestuur. Let asb. daarop dat die oefeninge reeds op Woensdag, 8 April begin.

NB!

**12. Skoolfonds vir 2026**

Maak asb. seker dat u skoolfonds tot op datum betaal is.

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



**(Maak asb. seker u gebruik die nuwe bankrekening.**)

**13. Unisa Musiekteorie-eksamen**

Baie geluk aan die leerders wat hul musiekteorie-eksamens geslaag het. Sien die uitslae onderaan.

**Unisa Teorie-musiekeksamens**

| | |
|---|---|
| Ingrid Keyser: | Onderskeiding Graad 2 (96%) (Ererol) |
| Jualize Combrinck: | Onderskeiding Graad 1(97%) (Ererol) |
| Bea Kuhl: | Onderskeiding Graad 1 (97%) (Ererol) |
| Chanel Dreyer: | Onderskeiding Graad 1 (96%) (Ererol) |
| Evan du Plessis: | Onderskeiding Graad 1 (92%) |
| Inge Suhr: | Onderskeiding Graad 1 (90% |
| Amelia Muller: | Onderskeiding Graad 1 (88%) |
| Kenzley Grewar: | Onderskeiding Graad 1 (86%) |
| Lara Matthee: | Onderskeiding Graad 1 (84%) |
| Lea Barnard: | Slaag Graad1 (66%) |




Katie Müller
TENNIS
KAMP & TOERNOOI
Koste
R350
30 & 31 Maart
08:00 - 14:00
MOSSELBAAI TENNISKLUB
KONTAK 082 6797 298

NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST

# GET A FULL EYE EXAM EVERY 1-2 YEARS



EVEN IF YOUR VISION SEEMS FINE

MANY EYE DISEASES

SHOW NO EARLY SYMPTOMS.

19 RYK TULBACH STR, DA NOVA, MOSSEL BAY

WHATSAPP **066 562 6754** OR PHONE **044 695 1688**

# LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM

**VANAF JANUARIE 2026**

R 900 per maand
13:00 - 17:30

**REGISTREER NOU**

Navrae: 044 691 1020

Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar

